durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

15 September 2019

## 15 September 2019

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 MATRIEKDiens**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Magdalenahuis**

Magdalenahuis is 'n groot rolspeler in die veld van voorkomingdienste, krisis-swangerskapsberading, aanneming en herkomsfasilitering.

## 22 September 2019

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Familiediens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Philip Scholtz* |

**Deuroffer: Japan**

## 29 September 2019

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Familiediens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Mizelle Prinsloo* |

**Deuroffer: Indiërsending**

## NUUS:

15 Sept: Matriekdiens
17 Sept: Damesaand
20 Sept: Skole sluit
28 Sept: Betesda-mark
1 Okt: Skole open
4-6 Okt: Vrouekamp
15 Okt: Doopkategese
17 Okt: Seniors Huisbesoektee
18 Okt: Uitreikgeleentheid
19 Okt: Betesda-mark
27 Okt: Nagmaal
31 Okt: Seniors Afsluiting






**Ons sê WELKOM!**

Nuwe lidmate van Bergsig kuier heerlik saam by die verwelkomingsaand.

**KUIERKERK** wat 'n heerlike rustige Sondag-middagete!



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### ATTIE VAN WYK September vakansieprogram

Moedergemeente en Bergsig-gemeente werk saam aan die September-vakansieprogram by Attie van Wyk.

Daar is egter borge nodig:

**Borge geld van R30/kind**
**Leier borge R250/leier**

Inbetalings kan gemerk word met die verwysing: Attie vakansieprogram

### MES Belville en ons Grow bediening in Durbanville het dringend behoefte aan:

- Professionele persone soos arbeidsterapeute, maatskaplike werkers of pastorale beraders wat ons kan help met ons kliente. Die span is dun gesny op die oomblik en ons benodig dringend enige kundigheid.
- Ons benodig dringend twee enkelbeddens om te leen vir twee persone wat na ons uitreik vanaf Britse Eilande en bietjie gaan kom help met ons straatmense.
- Ons benodig vrywilligers wat kan help met die sorteer van klere en ook die uitdeel daarvan.
- Ons benodig dringend by Bergsig ‘n sop-koördineerder vir die sopkombuis.

### Seniorsorg:

Enige naaldwerk verstellings of herstelwerkies kontak Christine van Wyk by 0824391206.

## Bergsig-Uitreikhulp

Bergsig loop saam met Badisa, Powerhouse, ŉ laerskool in die omgewing en betrokke Bergsig lidmate ŉ pad met ŉ enkel mamma. Sy het ŉ 12 jarige seun en ŉ ses jarige dogter met spesiale behoeftes.

Die mamma is op soek na admininstrasie werk.

Ons wil baie graag die seun in nasorg plaas. Die nasorg bussie sal hom optel by die skool, hy sal middagete daar kry en ook gehelp word met sy huiswerk. Terwyl die mamma werk soek moet die seun baie keer na skool lank wag voor sy ma hom kan optel. Die nasorg koste beloop R2100.00 per maand en ons wil ŉ beroep doen op iemand, ŉ kleingroep, ŉ gesin of ŉ groep vriende om ŉ langtermyn finansiële verbintenis te maak om die seun te help.

Ons is ook op soek na nommer 6 pampers doeke vir die dogtertjie. Verder het die gesin ingetrek in ŉ ongemeubileerde woonstel en het huisraad soos potte, panne, eetgerei ens. nodig. As iemand dalk ŉ losstaande kas of rakke of laaikas het, sal dit ook waardeer word.

Baie dankie dat ons hulp mag vra in hierdie verband. Items kan vir Liezl gemerk word. Gebruik **NASORG L** as verwysing vir finansiële bydraes.

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za



**Die Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes** se maandelikse verkoping **vind nie plaas** op Saterdag 21 September 2019 soos aangedui op die Bergsig kalender nie. Dit skuif na Saterdag 28 September by Bergsig Kerksentrum h/v Boland en Protea in Vierlanden Durbanville van 8:00 - 14:00.

### SOP-PROJEK

Ons is op soek na ’n nuwe sopkoördineerder vanaf 30 September 2019. Bel Annamaré om meer uit te vind hieroor.

### DURBANVILLE KINDERHUIS

**Springbokke teen die All Blacks.**

Maak u gereed vir nog ’n wen!

Rugby dag, 21 September, Marlenique

Ons nooi u hartlik uit om ons baie gewilde Rugbydag, op Saterdag 21 September 2019 om 9h00 te Marlenique, by te woon.

Dit oggend beloof om ’n lekker kuier geleentheid te wees waartydens die Rugbywedstryd tussen die Springbokke en All Blacks op groot skerms vertoon sal word. Die wedstryd sal voorafgegaan word deur ’n paneelbespreking, waartydens bekende oud-Springbokke hulle rugby kennis sal deel.

Die koste beloop slegs R500 per persoon of R 5 000 per tafel van 10 gaste. Die kaartjie sluit in ’n heerlike braai ete, landgoedwyne, “goody bag” en gelukkige trekking.

Indien u ’n bespreking wil maak kontak gerus vir Angelina Snyman via e-pos by

events@durbanvillekinderhuis.org.za of telefonies by 021 975 6822.

**La Gratitude Aftree-oord**

**Ruim 3 slaapkamer eenheid beskikbaar vanaf 1 November.**

**Langtermyn huurkontrak**

**R15 500 per maand**

**Skakel Chris 082 457 5095**




Bergsig het 'n gebeds-whatsapp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so ontmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

## KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Boetie van Niekerk | Occultdale Hoofwoning, 021 972 1674 | Leukemie | Herstel en bemoediging |
| Alida Nel | La Gratitude Siekeboek | Hartomleiding | Herstel en bemoediging |
| Leon Wessel | Selbourne Place 48, 076 753 2142 | Pa oorlede | Troos en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

## BID SAAM VIR SUID-AFRIKA

Meer as ooit is dit nodig om te bid. Elke aand is daar 'n landswye inisiatief waar landsburgers om 9:00 stil word vir 1 minuut net daar waar hulle is. Hul los alles vir daardie 1 minuut en bid. Daar is ook 22-24 Sept 'n GROOT oproep tot gebed - 'n nasionale oproep. Die meeste gesinne is dalk weg met 'n langnaweek omdat dit vakansie is, maar ons vra elkeen, elke huishouding om te bid volgens die gebedsfokus hiernaas. In Augustus - vrouemaand is die land geruk deur die geweld teen vroue, soveel dat Zapiro nie anders kon om hom hieroor uit te spreek nie! Die titel van sy werk: ZAPIRO - Same as it ever was ...







**Mede gelowiges bid saam vir ons land, maar ook vir die wêreld. Maak dit 'n saak van erns asseblief.**



minnelli
BODY AND SKIN CARE

**Massages • Gelish**
**Pedicures • Manicures**
**Waxing • Tinting**
**Vitaderm Facials**

Conveniently located at Graanendal Shopping Centre, inside Rock, Paper Scissor Salon

LIZA SCHOEMAN
021 979 4292
FACEBOOK @Minnelli.beauty
minnelli.salon@gmail.com

**Noord aansig 2 slaapkamer woonstel te huur in die pragtige Buh-Rein Aftree-oord.**

Groot badkamer, pragtige kombuis met oond, plate en waaier. Voldoende ingeboude kaste, asook plek vir yskas, mikrogolf oond en wasmasjien.

Geniet 'n verhitte swembad, rolbal, gimnasium en salon. Stokperdjie werkswinkels en twee restaurante.

Vry besoeke deur 'n geregistreerde verpleegster 1 keer per week asook 5 dae gratis versorging p.j. in die versorgingsentrum. 24 uur/ dag kamer monitering en noodsein dienste. 4 Gratis maaltye per maand by die klubhuis word ingesluit.

**Alles teen R10 000 p.m.**
**Bel André 082 465 4957**

## DURBANVILLE/BERGSIG SENIORS

Uitstappie na TOEKA - Agter Paarl vir lede

Datum: 26 September 2019

Bus sal om 10:30 vanaf Bergsig vertrek.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**

**Audi A4 te koop:**
**88kw, 2013 model**
**R150 000**
**±94 000 km**
**Bel Rolph 072 238 8170**

"Huweliksvoorbereidingklasse, vir alle voornemende paartjies wat gaan trou, by Uitsig Gemeente, Mountainviewrylaan 17, Ridgedworth, Bellville.

Maandag 16 tot Woensdag 18 September elke aand om 19:00 in die konsistorie.

Kontak Francois by 082 781 6854 vir navrae of plek bevestiging.

Die klasse is gratis."

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word. Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

**MANS TGIF** 05:45
Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

### EREDIENSTYE IN BERGSIG:

8:15-9:15 Klassieke Diens 1 uur lank
10:00 - 11:15 Informele Diens 1 uur en 15 minute
18:00—19:00 @6 Aanddiens 1 uur

**Frontida Thailand: André Olivier het in op Sondagaand, 1 September by die Belydenisklas kom kuier. Hy het ons geleer wat Budhisme is en hoekom ons as Christene aan Jesus vashou.**



## MAATSKAPLIKE FONDS VAN BERGSIG

baie dankie aan al die lidmate wat gereeld finansiële bydraes maak sodat Bergsig gemeentelede en soms mense in ons omgewing finansieel kan ondersteun.

Op die oomblik het ons baie min fondse in ons maatskaplike begroting. Ons maak staat op donasies wat spesifiek vir maatskaplik gemerk word, verder gee GGO vir ons kwartaaliks 'n bedrag en ons kan ook aanklop by die Kerkraad vir fondse. Ons het reeds hierdie jaar dit gedoen.

As gevolg van die ekonomiese druk het ons op die oomblik 'n hele paar gesinne, meeste van hulle enkel moeders, wie deur die kerk ondersteun word.

Met meeste van hierdie gesinne is daar 'n holistiese pad wat gestap word. Ons help nie net finansieel nie, ons werk saam met ander kerke, skole, mense uit die gemeenskap, dokters, tandartse, spelterapeute, beraders en sielkundiges om hulpbehoewendes te ondersteun.

In baie van hierdie gesinne se lewens kan ons waarneem dat God deur die kerk 'n verskil maak.

Daarom doen ons 'n beroep op ons lidmate om die Geestelike- en Maatskaplikeversorgingsbegroting te ondersteun, sodat ons nie verplig word om halfpad op hierdie pad van hulp hoef op te hou nie.

Fondse kan in die kerk se rekening inbetaal word met die verwysing maatskaplik.

# KLEINGROEPE

**Word deel van 'n Kleingroep in 2019.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal so gou moontlik plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code: http://bit.do/registreer

Registreer




## DURBANVILLE KINDERHUIS

Ons ervaar tans 'n tekort aan voertuigbestuurders.

Ons het groot vervoer uitdagings, aangesien ons kinders 34 skole bywoon asook die meegaande buitemuurse aktiwiteite. Ons vervoer hulle ook daagliks na hospitale, dokters en terapeutiese sessies. Ons kan tans nie 'n ekstra bestuurder in diens neem nie weens finansiële beperkings.

Ons doen 'n beroep op individue om ons as vrywilligers te help met vervoer van ons kinders asook dat ondernemings dit sal oorweeg as deel van hul CSI-verbintenis om 'n bestuurder vir 1 dag in die week aan ons beskikbaar te stel. In ruil daarvoor kan ons u 'n 18 A-sertifikaat aanbied.

16 sitplek kombi om kinders mee te vervoer, ons moet een van die bestaande kombi's vervang. Indien u 'n voertuig wil borg kan ons u firma se naam op die voertuig aanbring.

Verf van 2 huiseenhede; om aangename huisvesting vir ons kinders te verseker.

Ons het 4 jongmense wat ons sorg aan die einde van 2019 verlaat en graag verder wil studeer en finansiële ondersteuning vir hul studies benodig.
Ondernemings kan in ons kinders belê as deel van die CSI en opleidingsverpligtinge.

Enige donasie tov hulle studies sal hoog op prys gestel word.

Vir meer inligting kontak asb. vir my Johanna Strauss by jstrauss@durbanvillekinderhuis.org.za

**Oggendtee ten bate van DSH.**
Saterdag 12 Oktober 2019 om 10:30
Bergsig Kerk,H/v Boland/Protea, Vierlanden
Spreker is Margie Chapman
**TEMA: Kon vier die lewe saam met ons**
Mans en Dames welkom teen R80 elk
Bel Marina 082 382 4280 om te bespreek

# DSH

**Durbanville Senior's Hub**

**Morning tea in aid of DSH**
Saturday 12 October 2019 at 10:30
Bergsig Church, Cnr Boland/Protea, Vierlanden
Speaker is Margie Chapman
**THEME: Healthy Ageing**
Ladies and Gents welcome at R80 each
Phone Marina 082 382 4280 to book

*Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika benodig die dienste van 'n toegewyde Christen as*

**Sekretaresse**

*Vir 'n 5/8 pos in die Westelike Streek (Bellville)*

(NG Kerk departement)

**Pligte:**

● Algemene sekretariële en fondsinsamelings pligte, insluitend die volgende voorvereistes:

**Vereistes:**

● Graad 12 ● Sekretariële en administratiewe ondervinding ● Self-gemotiveerde, gedissiplineerde en betroubare persoon

● Uitstekende interpersoonlike vaardighede ● Ten volle rekenaargeletterd: Word, Excel, Power Point, Outlook, Internet Explorer en sosiale media ● Uitstaande kommunikasie-vaardighede in ten minste Afrikaans en Engels ● Vermoë om met gemak binne spanverband te kan opereer ● Lidmaat van die NG Kerk

Ons bied 'n mededingende vergoedingspakket

**Diensaanvaarding: 1 November 2019** Suksesvolle kandidate sal genooi word vir 'n onderhoud.

RAMOT INVITES YOU TO ATTEND THE UPCOMING

## ANNUAL GENERAL MEETING

18 September, 2019, 14:00 for 14:30
Ramot Treatment Centre,
54 Toner street, Parow East

RSVP before 11 September to Daphne
opnames@ramot.co.za | 021 939 2033

Ramot



**VROLIK OP PAD NA KERSFEES!**

**UITNODIGING AAN ALLE SENIORS**

**Datum: Dinsdag, 5 November Tyd: 11:30**
**Plek: Eensgezind**
**'n Driegang maaltyd met 'n verwelkomingsdrankie, asook die gaskunstenaar, Pedro Kruger! Alles ingesluit vir R190 p/p!**
**Kaartjies te koop by Durbanville Gemeente kerkkantoor:**
**TEL: 021 975 6370 RSVP asb. teen 25 Oktober 2019**

**STILBAAI SELFSORGWOONSTEL**

Ten volle toegerus.
Slaap 2 volwassenes en 2 kinders.
Stap afstand vanaf see, rivier en hawe.

**Kontak Elize 028 - 754 3507**

**083 4159 175**












**Netjiese & Ruim**

**Twee slaapkamer woonstel in Kerkstraat**

**Beskikbaar 1 November 2019**

**Kontak Louise vir foto's & meer inligting by 084 661 9752**

## SEPTEMBER SKOOL-VAKANSIE:

Kolstert - deel van die Jongensfonteinhutte is nog te huur.

Twee slaapkamers plus DSTV, 50 m van swembstrand

Ook te huur vanaf 6 Jan 2020 vir die somervakansie.

**Stephan L ombard 0725060212**

glow KIDZ

Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

Glowkidz is op soek na mense wat gedurende die week 'n uur of twee het om te help met administrasie. Die kinders kry elke Sondag naamkaartjies wat elke week alfabeties teruggeplaas moet word in die uitstal sakkies. Indien jy beskikbaar is en bereid is om te help, kontak vir Stephanie by die kerkkantoor of 083278711 of junior-jeug@bergsigdv.co.za.






Die kinderbediening leer van die Vrug van die Gees, hul kuier saam by KUIERKERK en vier Oupa– en Oumadag.





**LEIERSBERAAD** tydens vanjaar se byeenkoms het die leierskap van Bergsig geluister en herontdek (waarmee ons besig is). Almal is dit eens dat ons Sy ligdraers is in die Koninkryk. Ons beweeg in 'n fase van evaluering in. Met die inligting gaan ons nuut dink, beplan en uitrol - die kerk is en bly relevant en met groot oortuiging is dit ons oogmerk om geloof oor te dra na die volgende generasies.



scan to donate now

zapper donate with VISA and many more

www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 O18 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810